


VERHALENDE/BESKRYWENDE OPSTEL

Beplanning is die belangrikste deel van skryf. Wanneer beplanning ordentlik gedoen word, is 80 persent van die werk afgehandel. Daar is ook verskillende metodes van beplanning vir verskillende soorte opstelle.

Verhalende opstel:

- Elke storie moet karakters, 'n plek, tyd, rede en gebeure hê. Gebruik daarom die "Vat 5-hand".
- Gebruik jou skryfhand en trek jou ander hand op 'n papier met 'n potlood na.
- Die vyf vingers sal elkeen die volgende opskriffies hê: wie, waar, wanneer, wat en hoekom.
- Skryf in die middel van die hand twee kort sinne sonder enige detail oor die onderwerp van jou opstel. Die vyf vingers sal die uitbreiding vir die nodige detail in die storie wees.
- Die idee is om kortliks te beplan en sleutelwoorde te gebruik. Nog voordat jy die eerste weergawe van jou storie skryf, het jy reeds al die elemente gereed.



Beskrywende opstel

- 'n Beskrywende opstel handel oor hoe jy iets sien, hoor, voel, ruik of proe. Hoekom dan nie jou sintuie gebruik om te beplan nie?
- Hier kan die spinnekopdiagram gebruik word. Plaas die woord, idee of prentjie wat jy moet beskryf, in die middel.
- Elke spinnekopbeen sal 'n ander sintuig wees: sien, hoor, voel (letterlik), voel (figuurlik), ruik en proe.
- Verbind nou sleutelwoorde aan elke sintuig. Jy kan nou kies of jy 'n kombinasie van al ses sintuie wil gebruik of slegs enkele.



Wanneer jy die opstel skryf, moet dit asseblief nie in Engels skryf nie.

WENKE

Beplan jou opstel.

- Begin nou jou eerste poging skryf. Skryf so ver as moontlik in Afrikaans en volg die “stompi”-instruktuur. Kyk onder wat dit beteken.
- Maak seker jou opstel het 'n opskrif en dat jy die getal woorde onderaan neerskryf.
- * Die “stompi”-instruktuur word meestal in Afrikaans gevolg. Dit beteken die sin volg hierdie volgorde: Subject, First verb, time, object, manner, place, second verb, infinitive.

Deur **Huisgenoot** **Digitaal** op
Deur **Marelize Swanepoel**

September 11, 2013